OPVOEDING:

Hoe straf ek my kind? In ‘n doolhoof van verskillende menings, moet ouers die regte metode vind om hul kinders te dissiplineer.

'n Ouerpaar moet altyd oor besluite wat die kind se opvoeding raak, saamstem, anders sal dit die kind net verwar.

Ouers wil altyd net die beste vir hul kinders hê– hulle probeer om met die regte opvoeding en dissipline uit die jong boompie ‘n sterk en verantwoordelike volwassene skep. Maar dié pad is vol slaggate, en dissipline wat verkeerd toegepas word, kan dikwels meer kwaad as goeddoen. Boonop sit ouers soms met hul hande in die hare en wonder waar hulle gefaal het met daardie uiters rebelse tiener wat geen gesag wil aanvaar nie. Ouerskap, dissipline en die stel van reëls is inderdaad nie een van die maklikste paadjies vir ouers nie.

Maar deur op sekere punte te let, kan die uitkoms van hierdie paadjie dalk net meer positief maak, stel die kenners gerus.

<u>Kinders soek voorbeelde en reëls</u>

Een van die foute wat moderne ouers maak, is om hul kinders as volwassenes te sien, en dan van hulle te verwag om soos volwassenes op te tree, waarsku die Amerikaanse sielkundige en TV-persoonlikheid, Dr. Phil. ‘n Kind sal só nooit dissipline aanleer nie, is sy mening. Hy sê dat wanneer jy jou kind ‘n sê gee in die reëls van die huishouding, hy dit sal manipuleer om te pas by sy eie besluite. Dit is uiters nadelig vir die kind, asook onregverdig om van hom te verwag om volwasse besluite te neem.

Onbewustelik wil kinders hê dat daar reëls aan hulle gestel word, en hulle wil weet wat daar van hulle verwag word – anders kan hulle nie aan die verwagtinge voldoen nie.

Rebelse tieners voel weer ouers slaan nie ag op hul behoeftes nie, en beskuldig hulle van inkonsekwentheid in hul verwagtings van die kind. Die goue reël is om altyd aan ‘n kind ‘n rede vir jou besluit te gee, is dr. Phil se raad. Die ouerpaar moet verder altyd oor besluite wat die kind se opvoeding raak, saamstem, anders sal dit die kind net verwar.

Om ‘n rolmodel te wees, is uiters belangrik, sê hy. “Ouers wat rook, kan byvoorbeeld nie hul tieners verbied om te rook nie. Vloekende ouers kan hul kind nie aanspreek as dié sou vloek nie. Kinders wil voorbeelde sien wat hulle kan navolg en nie net ‘n stel mondelingse reëls volg nie.”

<u>Mag-gebaseerde dissipline kan negatief wees</u>

Die Amerikaanse opvoedkundige, skrywer en kliniesie sielkundige, dr. Thomas Gordon, sê dissipline en kommunikasie tussen die ouer en kind moet op so ‘n manier gedoen word dat dit al die partye tevrede stel. Verder moet dit positiewe gedrag tot gevolg hê, in plaas van om negatiewe gedrag te versterk.

Thomas het ‘n probleem met, soos hy dit noem, mag-gebaseerde dissipline wat gegrond is op die beginsel van “kinders moet gesien word, maar nie gehoor word nie”.

“Baie opvoedkundige boeke sal jou vertel hoe om hierdie dissipline uit te oefen, maar nie een bespreek die nagevolge en hoe die kind hierop sal reageer nie,” sê hy.

Thomas voel sterk dat mag-gebaseerde straf negatiewe gedrag soos vandalisme, afknouery, woede uitbarstings, leuens, depressie, rebelsheid en dwelmmisbruik tot gevolg kan hê. Volgens hom is die beste vorm van dissipline om die kind te aanvaar. “Aanvaarding is die vrugbare grond wat toelaat dat ‘n klein saadjie kan ontkiem in die pragtige blom wat dit in staat is om te word. ‘n Ouer se aanvaarding teenoor ‘n kind het ‘n positiewe invloed, want dit maak kinders oop om hul gevoelens en probleme te deel.”

Hy verduidelik dat wannneer ouers die heeltyd aan hul kinders dit vertel wat onaanvaarbaar is, die grond wat vir die kind gebied word met moralisering en bevelende boodskappe gevul is. “Dit maak dit dan baie moeilik vir die kind om aanvaarding teenoor die ouer te ervaar.”

Die Italiaanse filosoof en humanis van die vorige eeu, dr. Maria Montessori, som dit so op: “Kinders word dit wat van hulle geglo word”.

Dié konsep, soos vervat in die Montessori-metode, word vandag wêreldwyd in Montessori-skole toegepas.

<u>Oorerwing</u>

Christen-ouers baseer hul opvoeding hoofsaaklik op Bybelse-riglyne. Konsepte soos “eer jou vader en jou moeder soos die Here jou beveel het” (Deut. 5:16) en “as jy kwaad doen, het jy rede om bang te wees” (Rom. 13:4) is vir hulle belangrik.

Norme soos “buig die boompie solank hy jonk is”, en “moenie die roede spaar nie”, is vir baie steeds die maatstaf.

In hierdie doolhoof van verskillende opvoedkundige menings moet ouers probeer vasstel wat die beste dissiplinêre metodes vir hul kinders is. Die algemene neiging onder ouers is dan om só teenoor hul kinders op te tree, soos hul ouers teenoor hulle opgetree het. “Dit wat gewerk het met my as kind, sal weer werk met my kinders,” is die gevoel.

Vir meer artikels soos dié, besoek jouwêreld, die grootste maandelikse Afrikaanse e-tydskrif vir die hele gesin.